e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

26 April 2012
Jaargang 5 – Uitgawe 12

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Agterblad

Teken in op die *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Kom ons wees kerk van Jesus Christus

***Sorg dat julle bo alle verdenking staan en opreg bly, onberispelike kinders van God te midde van ontaarde en korrupte mense. Tree onder hulle op as ligdraers in die wêreld* (Filippense 2: 15)**

Die mensdom beleef neerslagtige en ontredderende tye. Paartjies, gesinne en individue wis mekaar en hulleself uit. Massamoordenaars kyk hoeveel mense hulle kan doodmaak voordat hulle selfmoord pleeg. Bendes verkrag gestremdes. Rowers martel bejaardes dood. Landsburgers is weerloos teen die uitbuiting van korrupte owerhede. 'n Mens is verstom oor die integriteitloosheid van mense op wie net nie meer peil getrek kan word nie.

Selfs in die kerk neem stryd en konflik onder gelowiges die afmetings van *oorlog* aan, soos sommige dit noem. Gelowiges verdink en beskuldig mekaar dat hulle nog met die mond bely maar nie meer met die hart glo nie. Elkeen doen net wat reg is in sy of haar eie oë. Gelowiges steur hulle nie aan gesag nie – nie aan God se gesag of die kerklike gesag nie. Elkeen maak self die reëls vir die lewe. Vergete is die beloftes wat eens voor God afgelê is as dit nie meer pas nie.

In 'n wêreld waar mense hulleself trots tot ateïste verklaar, is dit onafwendbaar dat hulle mekaar uitbuit en beroof, verkrag en vermoor. Dit kan nie anders as dat hulle mekaar seermaak en verwond nie.

In die kerk moet dit tog anders. Mense wat sê hulle is Christene, behoort te leef soos Christene. Op grond van die versoening wat deur Jesus Christus tussen God en mens gekom het, het die kerk die roeping om daardie blye evangelie van versoening te verkondig sodat mense nie net glo en bely hulle is met God versoen nie, maar dat hulle met mekaar wil versoen.

Christene is daarom mense wat heel behoort te maak en nie stukkend nie. Dit is mense wat behoort op te bou en nie af te breek nie. Dit is mense wat behoort te genees en nie verwond nie. Dit is mense wat vrede behoort te maak en nie stryd en oorlog nie. Die uitdagings vir die kerk om die siedende wêreld om ons heen te verander en te vernuwe, is enorm en opwindend.

Maar dan sal ook ons almal ons voor God moet verootmoedig en tot bekering moet kom. Ook in ons eie Kerk is mense en groepe op 'n skrikwekkende manier in stryd met mekaar. Dié wat anders dink, word beledig en gekrenk. Gemeentes skeur uitmekaar. Ons sal opnuut na die Woord van God moet luister en moet doen wat die Woord sê.

Die diversiteit van teologiese en kerklike standpunte het waarskynlik reeds tot die vestiging van modaliteite in die Hervormde Kerk gelei. Die vraag is: Hoe gaan ons hierdie modaliteite formaliseer? Daar is net een pad: Kom ons aanvaar almal die Woord van die Here, ons bevestig ons belydenis opnuut en onderwerp ons aan die Kerkorde. Kom ons kom ooreen om van mekaar te verskil sonder om daarvan stryd en oorlog te maak. Kom ons verbind ons tot die eenheid van die kerk van Jesus Christus. Kom ons berei ons in 'n gees van sagmoedigheid en samewerking voor vir die 70ste AKV, en versoek dat die Kerk die diversiteit kerkordelik sal reël en formaliseer. Veral, kom ons wees en bly te midde van ontaarde en korrupte mense (Fil 2: 15) opreg en onberispelik voor God en teenoor mekaar – wagtend, biddend, op die koms van die Here.

Dr Daan van Wyk (jr)

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhk.co.za**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Alle lief en leed vir plasing in die kerklike publikasies moet aan die Sekretaris vir SENTIK, dr Wouter van Wyk, by **wouter@nhk.co.za** gestuur word, of skakel hom by 082 339 2332.



Ds Pierre Kotzé

- **Ds Pierre Kotzé** (62) van Gemeente Piet Potgieter is opgeneem in die intensiewe-sorgeenheid van Sandton-kliniek. Die Kerk doen voorbidding vir hom en sy gesin.

- Een van die Kerk se voormalige predikante, **WJ (Wim) Botha**, wat in Portugal gebly het, is Sondag 22 April oorlede. Hy is in 1989 in die Kerk georden, het Gemeente Newlands sedert 1989 en Krugersdorp sedert 1992 bedien, en het in 1994 van lewenstaat verander, waarna hy ingevolge die Kerkwet onthef is.

- **Ds Johan van Greunen** van Gemeente Vaalwater is uit dié standplaas losgemaak en onmiddellik beroepbaar gestel.

Dr Chris Viljoen



Pierre Jacobs

- Met die Universiteit van Pretoria se onlangse gradeplegtigheid het **dr Chris Viljoen** van die Christelike Seemansorganisasie 'n PhD-graad in Praktiese Teologie verwerf, met die titel *Mission work and pastoral care in the hermeneutical adventure.* **Pierre Jacobs** het 'n MTh-graad in Nuwe Testament ontvang, oor *The social gospel and the IOCC (International Orthodox Christian Charities): Virtues and vices of Paul*. Pierre is tans 'n finalejaar teologiestudent.

- Gemeentes moet asseblief kennis neem dat die **Sinodale Kerkkantoor** op Maandag 30 April oop sal wees (met verminderde personeel), maar dat **SENTIK se boekwinkel** toe sal wees.

- **Geloof-in-Aksie Motorfietsbediening** van **Gemeente Randburg** onderneem van **4 tot 6 Mei** 'n uitreiktoer na die Oos-Vrystaat en Lesotho. Op Sondag 6 Mei sal hulle Gemeente Bethlehem besoek en die oggenderediens bywoon. Die toergroep bestaan uit 14 motorfietse (22 mense). Ander dorpe met Hervormde gemeentes waardeur die toer beweeg, is Reitz, Heilbron en Sasolburg. Laat weet ds CJ van Wyk by 082 898 2345 of hulle moet stop vir tee.

- **GELOWIGE GESINNE GESPREK. Ouerskap: 'n Doelbewuste lewe.** *Many parents are not engaged in their role as primary teachers, guides, and models for the Christian faith, but some certainly want to be* (David Anderson). As sondaarmense moet ons erken: Ons kan nie vanself goeie ouers wees nie. Dit verg 'n deurlopende, doelbewuste fokus op wat die Here van ons verwag en 'n bereidwilligheid om die daad by die woord te voeg. Indien David Anderson reg is, wil baie ouers graag die rol speel wat hulle móét, maar is onseker hóé om dit te doen. Gemeentes kan en behoort hier 'n ondersteunende toerustingsrol te speel. **Ouerskap en ondersteuning van gemeentes.** Gemeentelike beplanning in Hervormde gemeentes word al vir die laaste dekade of wat gedoen met behulp van bedieningsplanne. Figureer ouers en die gesin as fokusgroepe binne jul gemeente se bedieningsplan? Word ouers toegerus en ondersteun vir húl opvoedingstaak? Ondersteun ouers en kategete mekaar in die geloofsonderrig van kinders, of is dit twee aparte wêrelde? Daar is té veel op die spel: Gemeentes en gesinne behoort baie nader aan mekaar te beweeg. Huisgesinne saam vorm tog die huisgesin van God. *Só kan hulle my ouers wees slegs as ek agter hulle Hom sien wat hulle aan my gegee het en daarom kan sê: Eer jou vader en jou moeder* (Johan Heyns).

  Vir meer inligting oor gesinsbediening kan die **Raad vir Gesinsbediening** gekontak word. Skakel ds Danie van der Watt by 082 572 4855 of ds Thinus van Staden by 084 589 7035.

- **Gemeente Piet Retief** vier vanjaar hul **eeufees**. Alle lidmate wat voorheen aan die gemeente verbonde was, word versoek om vertellings, foto's en ander

gedenkwaardighede wat meer van die geskiedenis vertel, beskikbaar te stel. Almal word ook uitgenooi om die **naweek van 17-19 Augustus** aan die verrigtinge deel te neem. Dit sal 'n **dankdiens** op Vrydag 17 Augustus en 'n **basaar** die Saterdag insluit. Skakel Jan Venter by 082 925 3951 of 017 826 3604.

- **Gemeente Buffelspoort** (by Mooinooi) beskik steeds oor 'n vakature vir 'n **orrelis.** Stuur aansoeke aan mev Sarie van den Berg by **marikana@nhk.co.za**, of kontak haar by 083 654 0626.

- **Preekbeurte in Dullstroom.** Predikante kan by Gemeente Dullstroom preek en gratis verblyf vir die naweek kry. Die verblyf is vir die predikant en sy/haar gade en 'n voorskoolse kind. Vir ander kinders moet self betaal word. Kontak Johanna by **nhkdullstroom@yahoo.com** of 072 116 3353.

Spesiale eredienste

- **Gemeente Montana-Oos: Sondag 6 Mei om 15:00**
  Ligte klassieke konsert met samesang (sangdiens)
  In kerkgebou, te Plot 223, Kameeldrifweg, Derdepoort
  Tema: *Juig want Christus is ons lewe*
  Opera 2000 Ensemble met soliste Bets Botha, Elma Bester (mezzosopraan), Jackie van Rensburg (sopraan), Nelda Schoeman (sopraan)
  en Hennie du Plessis (tenoor)
  Begeleiding deur Helena Oosthuizen
  Verversings daarna
  R60 per persoon, kinders 14 jaar en jonger gratis (sluit verversings in)
  Kaartjies ook by deur beskikbaar
  Vir meer inligting en kaartjies, kontak Frikkie Potgieter by 082 871 7935
  of ds Frikkie van Wyk by 083 625 6788

- **Gemeente Kruin: 25-jaar-viering vir ds Kobus Pienaar**
  Sondag 13 Mei
  Gelukwense deur oudl Pieter de Bruyn van die Kommissie van die AKV
  Navrae aan **nhkkruin@gmail.com**

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 4 Mei, en word hartlik geluk gewens.**

  - Donderdag 26 April: Ds Paul Kern (Sannieshof)
  - Vrydag 27 April: Dr Kálmán Papp (Bybelgenootskap)
  - Saterdag 28 April: Di Frans Marais (Grootvlei) en Pieter Rossouw (Stella-kombinasie)
  - Maandag 30 April: Ds Wimpie Steyn (emeritus)
  - Dinsdag 1 Mei: Ds Nick Alberts (Wonderfontein)
  - Woensdag 2 Mei: Prof Kálmán Papp (emeritus)
  - Donderdag 3 Mei: Prop Elritia le Roux (beroepafwagtend)
  - Vrydag 4 Mei: Ds Pierre Roets (Springs-Oos)

Beplande vergaderings

- Maandag 7 Mei: Raad vir SENTIK

Kursusse en toerusting

- **Die RDV Noordelike Pretoria**
  Reistaskursus vir diakens en diensgroepwerkers
  Vrydag 25 Mei vanaf 19:00 en **Saterdag 26 Mei** vanaf 08:00
  By Gemeente Montana, Jan Bantjiesstraat

Koste R100 per persoon
Betalings aan RDV Noordelike Pretoria, ABSA Sinoville,
tjekrekening 405 031 6934
Navrae en besprekings by Daleen Smith (**dsmith@webmail.co.za**
of 073 229 3814)
of Esmé Taljaard (087 802 1109)

- **Voortgesette Teologiese Toerusting vir Predikante (VTT)**
  5 en 6 Junie, en **6 en 7 November**
  Tema: *Missionale Diakonaat. Saam in diens met verstand, hart en hand*
  By Gemeente Wapadrant
  Koste **R320** per persoon
  Predikante wat VTT **in Junie** wil bywoon, kontak mev Betsie Brits **voor 18 Mei**
  Hierdie datum is uiters belangrik, veral ook vir reëlings met spyseniers!
  E-pos **betsie.brits@up.ac.za** of faks 012 420 4303
  Registrasiefooi verkieslik vooraf elektronies of per bankdeposito
  Kerkgeld vir Kerkwerk; ABSA; rekening nr 020 149 752; kode 63 20 05;
  verwysing 2013K VTT (gevolg deur naam van kursusganger)

Beskikbare behuising

- **Behuising vir senior burgers:** Kom geniet 'n rustige aftrede op die platteland
  Andries-Marié Oosthuizen Monumenttehuis in Parys
  - 3 kamers met gedeelde geriewe – bejaardes moet gesond en selfversorgend wees
  - 2 beddens in 4-bed-kamer met 24-uur-versorging vir verswakte bejaardes

  Kontak matrone Botha by 056 811 2185

Konserte en feeste

- **Vrydag 11 Mei om 19:00: Gemeente Alberton**
  Fondsinsameling vir die jeug
  Snotkop tree op by Albertonse Sokkerklub
  Hekke open om 17:00
  R80 per persoon, kos en koeldrank beskikbaar
  Kontak Pieter by 082 332 4252, Neline by 072 520 5878
  of ds Tiaan by 073 529 1538

- **Saterdag 19 Mei 09:00 vir 09:30: Gemeente Theresapark**
  Teemaaltyd met 'n hoed (*high tea*)
  Kom geniet **Elmien Botha** se *Hallo Eva, my naam is Vrou*
  Daarna **Albert de Wet** se sang
  Hoërskool Gerrit Maritz se skoolsaal
  R100 per persoon
  Kom deel in 'n vrolike en stylvolle oggend!
  Navrae na 012 542 3568 / 084 780 7326 / 082 460 6279

- **Saterdag 19 Mei: Gemeente Mafeking**
  Kom bederf jou geliefde met 'n ete, Afrikaanse gaskunstenaar
  en die breek van 'n paar borde!
  Yoti, die Griekse boertjie
  In die Motorklub te Mahikeng
  R150 per persoon (R75 per kind)
  Navrae aan ds Annelie Botha by 082 650 3494
  of Josy Scholtz by 083 409 3600

- **Sondag 3 Junie om 15:00: Gemeente Nelspruit**
  Songs of Praise
  Met Richard Cock

Kerkgebou, Belladonnastraat 120, Nelspruit
Toegang R75
Bespreek by kerkkantoor (013 741 1455), kaartjies ook by deur beskikbaar
Navrae by 082 460 8252

Ons lewer uitstekende diens teen billike tariewe. Troupakkette vanaf R4 500 vir 2 fotograwe.

Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Tzaneen: Groot 3-kompetisie**
  Sluitingsdatum 31 Mei 2012
  Kaartjies R50
  Wen een van 3 groot pryse
  Prys 1: Jagnaweek in die Waterpoort, 1 eland, 1 koedoe, 1 rooibok
  Prys 2: AMC Classic kookstel, waarde R15 000
  Prys 3: iPad ter waarde van R6 500
  Navrae aan gemeentelike kerkkantoor by 015 307 4508
  of ds Richard van der Westhuizen by 072 144 7514

- **Gemeente Philadelphia: Fietstoer 2012 Julievakansie**
  40 studente ry vir 15 dae fiets om fondse in te samel vir liefdadigheid
  Hulle was vensters, dra inkopiesakkies, dans, sing, lê voor mense se motors...
  Enigiets wat jou laat lag en laat bydra
  Borge baie welkom!

  30 Junie Pretoria
  1 Julie Kempton Park
  2 Julie Drie Riviere
  3 Julie Vanderbijlpark
  4 Julie Sasolburg
  5 Julie Parys
  6 Julie Toernaweek
  9 Julie Welkom
  10 Julie Wolmaransstad
  11 Julie Klerksdorp
  12 Julie Potchefstroom
  13 Julie Krugersdorp
  14 Julie Pretoria
  Navrae? Borgskappe? Wil jy saam kom fietstrap?
  Kontak Fanie Willers (toerleier): **fanie.willers@gmail.com** of 072 494 8735
  Lizaan Britz (ondertoerleier/bemarking): **lizaanbritz8@gmail.com**
  of 076 315 4218
  E-pos: **philadelphia@nhk.co.za.** Webwerf: **www.philadelphia.co.za**

- **Gemeente Witfield in Boksburg: Boogjagkompetisie**
  Sluitingsdatum: 29 Julie 2012
  Kaartjies R100 donasie

1ste prys: 10 diere, waarde R40 000, en 5 nagte verblyf
2de prys: 8 diere, waarde R19 300, en 3 nagte verblyf
3de prys: 6 diere, waarde R11 000, en 3 nagte verblyf
Geborg deur Nyalarus, tussen Groblersdal en Marble Hall
Geweerjag kan gereël word
of keuse om plaas se professionele jagter te gebruik
Pryse verval op 30 September 2012
Kontak Adri Nel by 084 200 1027
of Chaan Bezuidenhout by 082 853 5895 vir meer inligting

Basaars en markte

- **Vrydag 27 en Saterdag 28 April: Gemeente Warmbad: Basaar**
  Forever Resorts-terrein, Groblerstraat, Bela Bela (Warmbad)
  Vrydag vanaf 14:00 en Saterdag vanaf 08:00
  Hope vleis teen 2010-pryse
  Tuisgebak, talle stalletjies en vermaak vir oud en jonk
  Kleur vir Kansa
  Jagkompetisie: Trekking tydens basaar
  1ste prys: Jagnaweek vir 6 persone op Bivack
  Vrydag- en Saterdagaand selfsorg-chalet
  Jagvoertuig, slagter en spoorsnyer
  1 koedoekoei en 2 rooibokooie
  2de prys: 1-dag-jag te Koedoeskop, jagvoertuig en 1 elandbul
  R20 per kaartjie
  Navrae aan gemeentelike kerkkantoor by 014 736 3124
  of Hestie Fourie by 082 770 0833 of **nhkerk@telkomsa.net**

- **Dinsdag 1 Mei: Gemeente Potchefstroom: Noordwes Motorskou**
  Op Kerkplein in Potchefstroom van 07:00 tot 15:00
  20ste keer!
  Meer as 350 ou motors, talle vlooimarkstalletjies
  Kosstalletjies met heerlike kos
  Toegang R15 per persoon
  Kontak ds Willem Kok by 083 664 0058

- **Dinsdag 1 Mei: Gemeente Vaalharts**
  Vaalharts-kontreifees
  In Hartswater, Noord-Kaap
  Marathon en halfmarathon
  Bergfietswedren: 30 km en 60 km
  Kontak Riaan Esterhuizen by 082 453 6889
  Jagkompetisie: Trekking 1 Mei tydens fees
  1ste prys: 1 waterbokbul, rooihartbeesbul, 2 springbokke en 1 rooibok
  2de prys: 1 gemsbokbul, 2 springbokke en 2 rooibokke
  3de prys: 1 blouwildebeesbul, 2 springbokke en 1 rooibok
  4de prys: Naweek vir ’n gesin op ’n wildplaas – selfsorg
  Wildplaas in Hartswater-omgewing
  Jagters: Geen dagfooie; selfsorg
  Slegs 500 kaartjies beskikbaar teen R200 elk
  Kontak Gerrit Staats by 082 414 9643

- **Vrydag 4 Mei vanaf 10:00 en Saterdag 5 Mei vanaf 09:00**
  Gemeente Rustenburg: Outydse Boerefees
  Kom wys jou kinders hoe ons voorouers geleef het
  Koeiemelk, seepkook, mieliesdors, donkiekar ry
  Eetgoed te koop en vele meer
  Op die kerkterrein, veilige parkering, toegang gratis
  Navrae aan Mari by 084 208 7445

- **SUIDOOS GESKENKEMARK**
  Gemeente Suidoos-Witbank (oorkant Midas)
  hv Hans Strydom- en Theunis Jansenstraat
  Openingsfunksie 30 April @ R50 per persoon
  Dinsdag 1 Mei tot Vrydag 4 Mei 9:00-19:00
  Saterdag 5 Mei 09:00-14:00
  Teetuin, geskenke vir Moeders- en Vadersdag
  Handgemaakte items, juwele, koekies, skilderye, klere, handwerk
  Kontak Bettie by gemeentelike kerkkantoor (013 697 1457)

- **Vrydag 4 Mei vanaf 17:00 en Saterdag 5 Mei vanaf 08:00**
  Gemeente Wonderboom-Suid: Basaar
  10de laan 920
  Heerlike eetgoed en baie kuier!
  Privaatstalletjies beskikbaar teen R50
  Kontak Daleen Smith by 073 229 3814 of **dsmith@webmail.co.za**

- **Saterdag 5 Mei vanaf 08:00: Gemeente Magaliesmoot: Afrika Safaribasaar**
  Op hul gronde langs Laerskool Kameeldrift
  Hoëkwaliteitvleis teen uiters billike pryse (wors en maalvleis R45 per kg)
  Vermaak vir kinders, sewesrugby, vlugbal, groot veiling
  Wen 'n kwadfiets vir R50 per kaartjie
  Kom kuier saam en dra hope winskope huis toe
  Kontak David Barnard by 083 441 1789

- **Saterdag 5 Mei: Gemeente Greylingstad: Basaar**
  Geniet die gasvryheid van die platteland
  Vars vleis, biltong, braaivleis, pannekoek, nagereg, tuisgebak...
  Navrae aan Elize van Jaarsveld by 017 778 0921

- **Saterdag 5 Mei vanaf 08:00: Gemeente Carletonville: Sinkgatfees**
  Carleton Jones Sportgronde
  Met Cordelia, Armand Hofmeyr, Thys die Bosveldklong
  Uitstallers, biertent, karnaval, ysterman, kookkompetisie
  Ook **Modelkompetisie op Vrydag 4 Mei** vanaf 18:00
  Kontak ds Henk Calitz by **henkcalitz@gmail.com** of 081 474 8942

- **Vrydag 25 Mei: Gemeente Klerksdorp-Doringkruin**
  Basaar en kontantfondsinsameling
  Kaartjieverkope met pryse te wen
  Kaartjies R10 – koop boekie met 25 kaartjies teen R200
  en kry laaste 5 kaartjies gratis
  Trekking 25 Mei tydens basaar

1ste prys: R10 000 kontant
2de prys: 5 kg maalvleis, 5 kg wors en 2 kg biltong
Persoon wat wenkaartjie verkoop, kry R1 500 kontant of ’n slagskaap
Navrae aan gemeentelike kerkkantoor by 018 468 5545
of oudl Roenie van Zyl by 082 458 1257

- **Saterdag 26 Mei: Gemeente Schoemansdal in Hartbeespoort**
  Basaar
  Kunstenaars Gert van Tonder, Dozi, Karlien van Jaarsveld en Bok van Blerk
  Hope kosstalletjies
  Kontak Mientjie by 012 253 0146 of 083 536 1530

- **Vrydag 1 Junie: Gemeente Coligny: Winterfees**
  Gaskunstenaar Jesse Ackerman – kom sing karaoke saam en wen
  Hoëgehaltevleis teen uiters billike pryse
  Kaiings, pannekoek, hamburgers, nagereg, tuisgebak...
  Tombola, skyfskiet, kunsmark, kweekstalletjie, snoepie, roerbraai, skaappot...
  Springkasteel vir die jonges
  Heelwat pryse te wen – pragtige troupop, tafelnet, geslypte diamant...
  Die aand modeparade met ons eie modelle en gasmodelle
  Navrae aan **jsjordaan@telkomsa.net**

ANDER NUUS

- **DIE ONDERSTEUNINGSRAAD: VAKATURES**
  Daar is tans poste vir **gekwalifiseerde maatskaplike werkers** by:
  - Brakpan
  - Nylstroom
  - Pretoria
  - Vanderbijlpark

  By die Lydenburg-kantoor:
  - 2/8ste sekretariële pos vir persoon wat rekenaarvaardig is
  - Pos vir Afrikaanssprekende hulpmaatskaplikewerker met geldige rybewys en wat by Raad vir Maatskaplike Diensberoepe geregistreer is

  Kontak Mariaan Steenkamp by **mariaans@nhk.co.za** of Charmaine Fourie by **oraadpb@nhk.co.za**, 012 322 8885 x313 of 071 684 7796.

- **DAG VAN GEBED.** Daar word elke dag van die jaar, elke uur van die dag, oor die hele wêreld vir Bybelwerk gebid. Werknemers van die **Bybelgenootskap** bid gereeld saam, terwyl ondersteuners van die werk van die Bybelgenootskap ook individueel of in groepe saam bid. Elke jaar is daar egter een dag, **9 Mei**, wat gereserveer is as ’n spesiale dag van gebed. Vir jou gratis kopie van die WBG Dag van Gebed DVD, stuur ’n e-pos aan **biblia@biblesociety.co.za**.

- **KONFERENSIE: *FROM EMBERS TO A FLAME***
  Vernuwing in kwynende gemeentes: 'n Gereformeerde perspektief
  8-10 Mei
  Good News Convention Centre, Muldersdrift
  Met dr Harry Reeder van Briarwood Presbyterian Church, Birmingham (Alabama)
  Navrae aan 012 658 0525 of **ralph@neos.co.za**
  Besoek **www.churchvitality.co.za** vir meer inligting

- **ADVERTENSIES waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word.** Dit bestaan hoofsaaklik uit **teks van ongeveer 110 woorde** (u kan eenvoudige grafika of 'n foto voorsien), maar daar sal nie onderhandel word oor die uitleg daarvan nie. Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit **verkieslik nie groter as 'n standaard besigheidskaartjie** wees nie. Die advertensie moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die teks en bewys van betaling moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word Woensdae saamgestel en verskyn elke Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings. **Die koste is R150 per plasing**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan:
  Raad van Finansies
  ABSA Bank
  Tjekrekening nommer 020-000-287
  Takkode 632-005
  Verwysing: u naam + e-Hervormer Ads

KOMMENTAAR

Lesers kan kort kommentaar **(uiters 100 woorde)** stuur aan **produksie@nhk.co.za**. Langer bydraes sal nie geplaas word nie, en moet eerder na die gespreksforum van die Kerk se webblad by **www.nhk.co.za** gestuur word. Anonieme bydraes word ook nie gebruik nie. Die finale besluit oor plasing in die *e-Hervormer* berus by die redakteur.

"Na aanleiding van verlede week se voorbladberig oor kinderhuise, wil ek graag 'n lansie breek vir koshuiskinders. Kinders word oor die algemeen nie om dieselfde redes as 20 jaar gelede in koshuise geplaas nie. Die meeste kom uit gebroke huisgesinne en is al om die ander week in 'n ander omgewing, met twee stelle ouers. Asseblief, kan daar 'n manier gevind word om betrokke te raak by hierdie kinders?"

Sakkie en Eugenie Luther, Brits

In ligter luim

Jannie van Niekerk, die vriendelike man wat die Sinodale Kerkkantoor se telefoonlyne beman, deel met ons hierdie sêgoed wat sy lewe daagliks so interessant maak

Môre, ek soek na dr Koos, wie is jy?
Haai, ek hou net aan vir die Ondersteuningsraad…
Kan jy sien of die oudit daar is?
Is Elmar in sy kantoor?
Praat ek nou met Fanie Pretorius?
Is Ansie by die werk?
Ek lui daar by Wian, hoekom antwoord hy dan nie?
Hoekom het ek nou teruggekom by jou as ek die uitbreiding gedruk het?
Is Piet nie daar nie? Waar is hy nou?
Is dit jy, Fanie? Hoe nou? Jy klink dan net soos hy...
Kan jy sien of Ansie, Mariaan (of wie ook al) daar is?
Hallo …'n...Wilhelm, is dit jy…
Meneer, weet jy wat doen Annerien nou?
Ek wil met Piet brilletjies praat, dit is die duiwel wat hier praat…
Haai, is sy nog af siek, of is sy daar, ek wil met haar praat, dankie.
Hoekom kom ek by jou uit vandag, ek wil vir Adri hê…
Dagsê, Oom, is Karen nie daar nie?
Oom Piet, is dit jy?
Haai, waar is die haastige meisie daar by dr Fanie vandag?
Is dit jy, Susan? (Nadat Jannie geantwoord het!)
Kry gou vir my vir Andries op die lyn, ek is haastig…
Waar sit al die mense dan vandag, ek kom elke keer by jou uit…
Werk hierdie nuwe stelsel dan nie, want Piet is elke keer *not available now*…
Hallo, kan ek gou-gou met mnr Viljoen praat, ek is 'n bietjie haastig…
Sit Wouter op sy foon of wat? (Die lyn was besig.)
Prof Fanie se kantoor, asseblief…
Is dit die boekwinkel, ek wil met Tessa praat...
Waar is Ansie nou?
Haai, dok Fanie, is dit jy, hoe gaan dit nou!
Ek soek na dr Fanie se kantoor, asseblief, hoe kom ek by jou uit?
Kan jy sien of dr Wouter vandag daar is?
Ek het nou net daar by Leon van finansies geskakel, is hy nie daar nie?
Hallo, wanneer gaan die Nagmaal in November wees?
Haai, Meneer, ek weet nie of ek nou op die regte plek is nie...
Ek bel van 'n selfoon af, sit my vinnig deur na dr Frikkie...
Jy sê Karen is op die oomblik besig, nou wat op aarde maak ek nou?

Redakteur: Dr André Ungerer
Subredakteur: Ds Etienne Fourie
Kerknuus: Dr Wouter van Wyk
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx